LIBERTY LIFE



# Beskerm jou inkomstepotensiaal

*Saamgestel deur Liberty Life Groepadviesdienste*

## Jou inkomstepotensiaal is jou grootste bate.
## Maak seker dat jy dit vir die toekoms beskerm. .

As jy aan die begin van ‘n loopbaan staan, mag dit vir jou voel asof jy baie min het om te wys in terme van wat jy besit of van geldrisiko’s wat jy reeds geneem het om jou finansiële vermoë te bewys. Baie finansiële instellings sal saamstem. Wat hulle en talle jongmense egter nie besef nie, is dat “toekomstige potensiële inkomste” die grootste bate van almal is.

Dit is die inkomste wat jy in die loop van jou werkende lewe sal verdien en dit word met tyd al hoe minder. Indien jy op ‘n gerieflike lewenstandaard wil aftree, is dit nodig om jou potensiële inkomste om te sit in reële finansiële bates wat uiteindelik, ná aftrede, jou enigste bron van inkomste sal wees. Jy moet ook verseker dat hierdie bate geskikte beskerming het.

**Ons kan ons finansiële lewens rofweg in drie fases verdeel:**

1. **Opvoeding:** ons belê in ons vermoë en vaardighede om ‘n inkomste te begin verdien. In die algemeen is dit so dat, hoe groter die omvang van ons opvoeding of belegging in toekomstige verdienste is, hoe groter is ons toekomstige inkomstepotensiaal.
2. **Verdienste**: Ons gebruik die kennis en vaardighede wat ons opgebou het om ons ‘toekomstige potensiële inkomste’ te genereer. Vir die meeste van ons wat met ‘n beroepslewe begin, behalwe as ons ‘n groot som geld erf, is ons toekomstige potensiële inkomste groot terwyl ons finansiële kapitaal klein is. Hopelik word dit mettertyd omgekeer, mits ons suksesvol spaar.
3. **Aftrede:** Ons het nou nie meer ‘n inkomste vir werk nie en maak staat op enige finansiële bates wat ons oor ‘n tydperk opgebou het om ons aftrede mee te finansier.

Ons sal in elke fase verskillende risiko’s teëkom wat implikasies het vir ons finansiële beplanning. Volgens navorsing wat deur die Navorsingstigting van die CFA Instituut gepubliseer is, is die grootste probleem met finansiële beplanning vir individue hoe om die inkomste wat ons in ons werkende lewe verdien, te versprei na die res van ons lewe – en dit terwyl ons werkende lewe maar rofweg die helfte van ons totale leeftyd in beslag neem! Om nou geld te bêre sal nie noodwendig beteken dat ons later genoeg sal hê wanneer ons dit nodig het nie.

Aan die begin van ons loopbane is ons toekomstige potensiële inkomste op sy grootste en moet dit daarom teen die risiko’s van die lewe beskerm word, anders loop ons die gevaar dat die dood of ongeskiktheid ons, sowel as ons afhanklikes, kan beroof van ons waardevolste bate: ons toekomstige potensiële inkomste. Die gevolge van ‘n lewensveranderende gebeurtenis is vir jongmense groter omdat die omvang van ons potensiële inkomste groter is wanneer ons jonger is. As ons nie daarin slaag om hierdie bate te realiseer nie, sal dit ‘n vernietigende uitwerking op die res van ons lewe hê.

Die noodsaaklikheid van beskerming teen ongeskiktheid en gevreesde siektes (bykomend tot gesondheidsorg of mediese fondse) is groter vir jonger individue. Namate ons ons gesinne bou, of ander van ons afhanklik raak, begin lewensversekering al hoe belangriker word. Dit is net so belangrik om vir ons aftrede te spaar as wat dit is om ons toekomstige verdienste te verseker.

Dit is nie te sê dat lewensversekering nie belangrik is wanneer ons aftree nie. Hoewel dit vir ouer individue onbekostigbaar mag wees, of die individu onversekerbaar – as ons nie daarin geslaag het om finansiële bates te bou nie en ons wil ‘n nalatenskap vir ons afhanklikes agterlaat, kan die behoefte aan lewensversekering groot wees.

In watter stadium van die lewe jy ook al mag wees, maak seker dat jou swaar verdiende geld in die toekoms vir jou werk deur nou te belê en daardeur jou toekomstige inkomstepotensiaal te beskerm.